MCH91-66-10-9



# Beeldskone Stephanie Vertel Van Die Man In Haar Lewe



● STEPHANIE KEMP . . . „My gevoel vir Adrian was diep," het sy gesê.



● MNR. KEMP, vader van Stephanie—Hy het vertel dat sy vrou sedert Julie in Kaapstad is om naby haar dogter te wees.

**SY is mooi, eintlik beeldskoon. Van die kant af lyk sy net soos Grace Kelly en soos die twee jong mans wat langs haar sit, het sy 'n briljante akademiese loopbaan agter die rug.**

**'n Mens kon nie anders as om te wonder hoe kom 'n meisie soos die lieflike Stephanie Kemp op so 'n aanklag in die hof nie. En sy het skuldig gepleit. Soos Alan Keith Brooks en Anthony Andrew Trew, dat sy die Wet op Onderdrukking van die Kommunisme oortree het.**

In die Kaapse Hooggeregshof, waar sy vandeesweek voor regter B. F. J. Banks verskyn het, het die 23-jarige Stephanie Kemp, dogter van 'n oud-skoolhoof van Malmesbury, waar sy self ook 'n tyd skoolgegaan het, 'n antwoord gegee op hierdie tergende vraag: Hoe het sy in hierdie situasie beland?

Die antwoord is 'n man — Adrian Leftwich. Dié Adrian Leftwich wat staatsgetuie geword het toe van sy maats in die beskuldigdebanke moes staan en verantwoording doen vir hul dade.

### SAGTE STEM

In 'n sagte stem het Kemp Maandag in die hof haar verklaring gelees. „Dit was geheel en al as gevolg van Adrian Leftwich. Toe ek in 1962 na die Universiteit van Kaapstad gekom het, was Adrian 'n vooraanstaande figuur. Ek het gevlei gevoel toe hy my gevra het om by die organisasie aan te sluit. Hy was baie gewild en ek het hom teen daardie tyd bewonder," het sy gesê.

**Kemp, 'n fisioterapeut, het voorts gesê dat haar vriendskap met Adrian ontwikkel het tot 'n intieme verhouding. Sy wou hom en die mensdom help.**

Sy het gesê dat haar enigste kontak met die organisasie deur Leftwich was. Sy was nooit geïnteresseerd in die teoretiese politiek nie. Leftwich het haar nooit enige dokumente gewys nie en sy het nooit geweet waar die plofstof gehou is nie.

Ten slotte het sy gesê dat haar gevoel vir Leftwich diep was en die hele ondervinding was vir haar skokkend.

Adv. Cooper, wat vir die drie jong mense verskyn het, het aan die regter gesê dat terwyl mej. Kemp die tronk in die gesig staar, die man wat haar verlei het, vrygelaat word.

Leftwich, wat as eerste getuie deur die staat opgeroep is, het vertel hoe die organisasie te werk gegaan het en planne wat hulle gemaak het om kragpale om te skiet. Hy het ook getuig van kragpale wat wel omgeskiet is. Die organisasie het 'n groot aantal plofstof gehad wat hy op verskeie plekke gebêre het.

Luit. A. J. van Dyk, van die Veiligheidspolisie, het getuig hoe hy by 'n woonstel in Seepunt 'n groot aantal dinamiet gevind het. Daar was genoeg dinamiet om 'n groot deel van die gebou op te blaas, het hy gesê.

### GEGLIMLAG

Al drie die beskuldiges se ouers was in die hof. Die tye wanneer die hof verdaag het, het Kemp en Trew omgekyk na die openbare galery, waar 'n groot aantal jong mans en vroue gesit het. Kemp het 'n paar keer geglimlag met persone wat sy herken het.

**Kemp was die meeste van die tyd baie kalm, maar toe eers dr. Hymie Gordon, senior lektor in medisyne aan die Universiteit Kaapstad en daarna haar vader vir haar getuig het, was sy sigbaar aangedaan. Op een stadium het dit gelyk of sy saggies huil.**

Al drie die beskuldigdes se vaders het vir hul kinders getuig. Mnr. H. A. F. Trew, sekretaris-generaal van die Automobiel-Assosiasie, het vertel van sy seun Anthony se akademiese prestasies en die motorongeluk wat hom baie verander het.

**Mnr. Trew, 'n kort man met spierwit hare, het gesê dat die ongeluk sy seun se uitkyk op die lewe verander het. „As vader voel ek dat Anthony nooit met hierdie mense sou verkeer het as hy hulle in ander omstandighede sou ontmoet het nie," het hy gesê.**

**Dr. Alan Brooks, 'n lang man met 'n baard en 'n bles, het in 'n sterk stem gesê dat sy seun Alan, wat 'n junior lektor aan U.K. was, 'n baie liefdevolle seun is. Dr. Brooks, wat in Suid-Rhodesië praktiseer, het gesê dat hy diep geskok was toe hy hoor dat sy seun in hegtenis geneem is.**

By mnr. Kemp het die hof gehoor dat sy vrou sedert 12 Julie al in Kaapstad is. Sy het dadelik daarheen gegaan toe sy hoor haar dogter word aangehou.

Mnr. Kemp, het gesê dat sy dogter by die Conradie-Hospitaal gewerk het toe sy in hegtenis geneem is.

### SPEELSE TIKKIE

Toe regter Banks die hof vir 'n onbepaalde tyd verdaag het om die vonnis te kan oorweeg, het al drie beskuldigdes se ouers, wat net voor hulle gesit het, met hul kinders gesels. Mnr. Kemp en sy dogter het hul arms om mekaar geslaan. Toe sy afgaan na die selle onder die hof, het hy haar 'n speelse tikkie met die plathand gegee.

Sowat tien minute later het 'n dramtiese oomblik in die voorportaal van die hof afgespeel. Kemp het saam met 'n polisieman uitgekom en is na haar suster geneem. Sy het gegil van blydskap en toe het hulle mekaar om die hals geval. Hulle het 'n hele rukkie so gestaan voordat Kemp saam met die polisie na 'n motor is. Die ouers en hul ander dogter het vinnig weggestap.

## NASIONALE FINANSIEKORPORASIE VAN SUID-AFRIKA

**Rede gelewer deur die voorsitter, dr. Gerard Rissik, by die Vyftiende Jaarlikse Algemene Vergadering van aandeelhouers van die Nasionale Finansiekorporasie wat op Dinsdag, 3 November 1964 in Pretoria gehou is.**

Here,

Dit is vir my 'n genoeë om die balansstaat en finale rekeninge van die Korporasie vir die jaar wat op 30 Junie 1964 geëindig het, tesame met die verslae van die raad en die ouditeure, formeel aan u voor te lê. Voordat ek voorstel dat die rekeninge en verslag aanvaar word, sal ek egter kortliks melding maak van sekere breë ontwikkelings in die geldmark, en van die mate waarin hierdie neigings, na dit wil voorkom, in ooreenstemming was met die oogmerke van die owerheid by die verlening van aanmoediging vir die vestiging en groei van gespesialiseerde geldmarkinstellings, naamlik die Korporasie en die diskontohuise.

By die stigting van die Nasionale Finansiekorporasie in 1949 was die hoofdoelstelling om die totstandkoming van 'n aktiewe geldmark in hierdie land, wat daartoe sou meewerk om ledige kapitaal vir aanwending in die nasionale ekonomiese belang te mobiliseer, te bevorder. Afgesien daarvan is gehoop dat die ontwikkeling van 'n aktiewe en goedgeorganiseerde geldmark in die Republiek die owerheid sou help om, soos in ander lande waar sulke markte bestaan, sy monetêre beleid meer doelmatig uit te voer. Waar die samestelling van die Korporasie se raad van direkteure 'n breë spektrum van finansiële instellings sowel as die Tesourie verteenwoordig het, het dit ook beoog om hierdie doelstellings aan te help. Van die begin af is egter besef dat die bestaan van die Korporasie nie die stigting van ander gespesialiseerde geldmarkinstellings, naamlik die diskonto-huise, sou moes verhinder nie. Dit blyk dan ook uit die perke wat deur die Korporasie se statute aan sy beleggingsveld gestel is, en word verder gestaaf deur die aanmoediging wat die owerheid sowel as die Korporasie aan die oprigting en groei van die diskontohuise verleen het.

In hierdie verband was drie stappe van besondere belang. In Junie 1958 het die owerheid 'n weeklikse tenderstelsel vir die uitgifte van skatkiswissels ingestel. Die tweede stap is in Mei 1959 geneem toe die Korporasie die marge tussen die gemiddelde weeklikse tenderkoers en sy daggeldkoers tot ongeveer ¼ persent vergroot het. Soos die destydse Voorsitter verklaar het, was die oogmerk hiervan „om groter geleenthede vir operasies in skatkiswissels deur die diskontohuise en aksepbanke te verskaf, en daardeur die ontwikkeling van 'n meer aktiewe en gevoeliger geldmark te bevorder".

By die neem van hierdie twee stappe, en by die verlening aan die diskontohuise van herdiskonteringsfasiliteite by die Reserwebank, is erkenning gegee aan die feit dat die skatkiswissel die mees likwiede, gerieflikste en mees aanvaarbare van die geldmarkinstrumente is. As sodanig is voorsien dat dit steeds 'n baie betekenisvolle deel van die geldmark se „bedryfsbates" sou verteenwoordig, wat nie so seer 'n belegging is nie maar, net soos ander vorme van voorrade, ... die voorwerp ... verkope ... dat hy besluit het om ten opsigte van staatseffekte met looptye tot drie jaar die notering van sy stel koerse te staak. Die aangevoerde rede was dat effekte van hierdie termyn, net soos die skatkiswissel, 'n nuttige deel van die normale „bedryfsbates" van die geldmarkinstellings kon uitmaak en aangesien die Reserwebank se stel koerse nie baie dikwels verander is nie, het die voortgesette insluiting van hierdie effekte met kort looptye in die patroon geneig om die mark se operasies daarin te belemmer. Dit, so is gevoel, sou die groei van 'n aktiewe mark in hierdie kortlopende effekte teëwerk en het implikasies vir monetêre beleid gehad.

Samevattend lyk dit dus duidelik te wees dat die owerheid sekere verwagtings gehad het betreffende die ontwikkeling van 'n geldmark wat die gewone gespesialiseerde geldmarkinstellings sou omvat; 'n redelik gebalanseerde portefeulje sou aanhou van die krediet instrumente wat normaalweg as bestanddele van die geldmark se „bedryfsbates' beskou word, naamlik skatkiswissels, korttermynstaatseffekte en bankaksepte; en 'n aktiewe mark vir hierdie instrumente sou skep. Sodoende sou die mark, afgesien van die mobilisering van ledige fondse vir aanwending in die beste belang van die land, op verskeie maniere daartoe meewerk om die doeltreffendheid van monetêre beleid te verhoog.

Vier jaar het verloop sedert die laaste van die stappe waarna vroeër verwys is geneem is en dit is gevolglik miskien van pas om te vra in watter mate die werklike ontwikkeling van die mark in die land, na dit wil voorkom, aan die verwagtings en doelstellings wat die owerheid daarvoor gekoester het, voldoen het.

Daar kan geen twyfel bestaan dat sedert die Korporasie in 1949 opgerig is, die geldmark in Suid-Afrika aanmerklik breër geword en uitgebrei het nie. In 1955 het die eerste suiwer private geldmarkinstelling tot stand gekom en aanvanklik as aksepbank sowel as diskontohuis opgetree. Hierdie werksaamhede is egter in 1957 van mekaar geskei toe die Discount House of South Africa gestig is om die verdiskonteringsfunksie oor te neem. Daarna het verskeie ander instellings op die toneel verskyn wat ook hulle werksaamhede as aksepbanke en diskontohuise begin het, maar later die verdiskonteringsfunksie aan die Nasionale Diskonteringshuis van Suid-Afrika oorgedra het. Op die oomblik het ons dus twee diskontohuise, bo en behalwe die sentrale bank, die handelsbanke en die Nasionale Finansiekorporasie, as samestellende dele van die plaaslike korttermyngeldmark. Boonop het die diskontohuise aanmerklik gegroei, soos gestaaf word deur die feit dat hulle deposito's oor die afgelope vyf jaar vanaf ongeveer R40 miljoen tot ongeveer R150 miljoen toegeneem het. Gedurende dieselfde tydperk het ... by die Korporasie ... miljoen tot ... daal, ... totale beleggings gelê, wat 'n selfs nog groter mate van bestendigheid verteenwoordig. Die wetlike beperkings op die Korporasie se beleggingsveld het moontlik by die bepaling van hierdie min of meer konstante beleggingspatroon 'n sekere rol gespeel, maar hulle belangrikheid in hierdie opsig moet nie oorbeklemtoon word nie.

In die geval van die diskontohuise het die skommeling in hulle besit aan skatkiswissels oor dieselfde tydperk, en op dieselfde basis bereken, tussen 42.9 persent en 20.1 persent van totale beleggings gelê, dié in bankaksepte tussen 50 persent en 25.9 persent, en dié in staatseffekte tussen 30.5 persent en 15.4 persent. Dit is gevolglik duidelik dat daar, wat hierdie organisasies betref, veel minder bestendigheid in die beleggingspatroon bestaan het en maandelikse syfers toon byvoorbeeld dat daar 'n taamlik noue korrelasie ontwikkel het tussen, enersyds, hulle besit aan skatkiswissels, staatseffekte en bankaksepte en, andersyds, bewegings in die tenderkoers op skatkiswissels; die korrelasie is omgekeerd in die geval van die eersgenoemde twee instrumente en regstreeks in die geval van bankaksepte.

Hierdie verskuiwings in die diskontohuise se portefeulje aan skatkiswissels en staatseffekte lewer natuurlik nie noodwendig onweerlegbare bewys van die bestaan of andersins van 'n aktiewe mark in hierdie effekte nie. Maar die indruk wat daardeur geskep word is dat so 'n mark in werklikheid nog nie ontwikkel is nie, ten minste nie vir sover dit skatkiswissels betref nie. Daar is ook sekere aanduidings in die syfers dat die relatiewe winsgewendheid van die verkryging van skatkiswissels by die tender en die aanhou daarvan tot op die vervaldatum, moontlik tesame met die gunstige koers waarteen tot onlangs teen hierdie waardepapier akkommodasie van die Reserwebank verkry kon word, by die bepaling van hul posisie in die beleggingsportefeulje betekenisvolle faktore kon gewees het, terwyl die moontlikheid om deur werklike transaksies daarin 'n inkome te verwerf, 'n betreklik onbelangrike oorweging was.

Daar is klaarblyklik verskeie faktore wat op die vraagstuk van handel in, of die skepping van 'n mark vir, skatkiswissels betrekking het, insluitende sulke sake soos die totale hoeveelheid daarvan, die bedrae wat by die tender aangebied word, die bestaande marges tussen die skatkiswisseltenderkoers en die daggeldkoerse, ens. Maar wat ookal die uitwerking van hierdie faktore kon gewees het, is dit, gesien vanuit 'n aantal oogpunte waarvan die voordele van die handhawing van 'n gebalanseerde portefeulje en die doeltreffendheid van monetêre beleid nie die minste is nie, betreurenswaardig dat 'n aktiewe mark vir skatkiswissels tot dusver skynbaar nog nie tot stand gekom het nie. Dit is egter bemoedigend om op te merk dat die syfers vir die afgelope maande daarop dui dat 'n meer aktiewe mark in korttermyn-staatseffekte moontlik wel besig is om te ontwikkel.

Die neigings in die Korporasie se deposito's en in korttermyn-rentekoerse gedurende die jaar geëindig 30 Junie 1964, en die vernaamste faktore wat daarvoor ve... ...ordelik was, is ...

# Vleisbaas Deur Rowers Geskiet

**MNR. W. P. DU PLESSIS, president van die Suid-Afrikaanse Federasie van Lewende Hawe-Afslaers en 'n bekende in die vleishandel in Johannesburg, is ... om 7.45 in sy kantoor in Newtown koel... ...ors geskiet en vermoedelik beroof.**